## DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. 1736 10 Augustus 1979

INTREKKING VAN KENNISGEWING UITGEREIK KRAGTENS ARTIKEL 9 (1) VAN WET 44 VAN 1950

Vir algemene inligting word hierby bekendgemaak dat die Minister van Justisie ingevolge artikel 9 (4) van die Wet op Binnelandse Veiligheid, 1950 (Wet 44 van 1950), die kennisgewing waarby Charles Edward Wickens Simkins ingevolge artikel 9 (1) van genoemde Wet verbied is om byeenkomste by te woon, met ingang van 17 Julie 1979, ingetrek het.

## DEPARTMENT OF JUSTICE

No. 1736 10 August 1979

WITHDRAWAL OF NOTICE ISSUED IN TERMS OF SECTION 9 (1) OF ACT 44 OF 1950

It is hereby notified for general information that the Minister of Justice has, in terms of section 9 (4) of the Internal Security Act, 1950 (Act 44 of 1950), withdrawn the notice whereby Charles Edward Wickens Simkins was prohibited from attending gatherings in terms of section 9 (1) of the said Act, with effect from 17 July 1979.

## DEPARTEMENT VAN MYNWESE

No. 1702 10 Augustus 1979

UITSLUITING VAN SEKERE GROND VAN DIE TOEPASSING VAN DIE BEPALINGS VAN HOOFSTUK X EN ARTIKEL 139 (1) VAN DIE WET OP MYNREGTE, 1967 (WET 20 VAN 1967)

Die Minister van Mynwese van die Republiek van Suid-Afrika het kragtens die bevoegdheid aan hom verleen by artikel 158 (1) van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), sekere grond kragtens myntitel gehou op die plaas Nooitgedacht 434 IP, distrik Klerksdorp, myndistrik Klerksdorp, provinsie Transvaal, soos aangetoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Klerksdorp, onder RMT No. R9/79 bewaar word, van die toepassing van die bepalings van Hoofstuk X en artikel 139 (1) van gemelde Wet uitgesluit, met ingang van die datum van publikasie hiervan in die *Staatskoerant*.

(19/13/1/254)

## DEPARTMENT OF MINES

No. 1702 10 August 1979

EXEMPTION OF CERTAIN LAND FROM THE PROVISIONS OF CHAPTER X AND SECTION 139 (1) OF THE MINING RIGHTS ACT, 1967 (ACT 20 OF 1967)

The Minister of Mines of the Republic of South Africa has, in terms of the powers vested in him by section 158 (1) of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), exempted certain land held under mining title on the farm Nooitgedacht 434 IP, District of Klerksdorp, Mining District of Klerksdorp, Province of the Transvaal, as shown on a sketch plan, copies of which are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the Office of the Mining Commissioner, Klerksdorp, under RMT No. R9/79, from the provisions of Chapter X and section 139 (1) of the said Act, with effect from the date of publication hereof in the *Gazette*.

(19/13/1/254)

## DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. 1704 10 Augustus 1979

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE HUIS BEKEND AS "DOMIRA", GELEË OP DIE LOVEDALE-SENDINGSTASIE TE ALICE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die huis bekend as "Domira", met 30 meter grond daaromheen, geleë op die Lovedale-sendingstasie te Alice, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die historiese huis bekend as "Domira", met 30 meter grond daaromheen, geleë op sekere stuk grond, synde Erf 1049, Alice, geleë in die munisipaliteit Alice, afdeling Victoria-Oos, en groot eenhonderd sewe-en-dertig desimaal vyf een drie nul (137,513 0) hektaar.

Transportakte 31001/1973, gedateer 19 Oktober 1973.

## DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. 1704 10 August 1979

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE HOUSE KNOWN AS DOMIRA, SITUATED ON THE LOVEDALE MISSION STATION AT ALICE

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister of National Education, hereby declare the house known as Domira, with 30 metres of surrounding land, situated on the Lovedale Mission Station at Alice, to be a national monument.

*Description*

The historic house known as Domira, with 30 metres of surrounding land, situated on certain piece of land, being Erf 1049, Alice, situate in the Municipality of Alice, Division of Victoria East, and measuring one hundred and thirty-seven decimal five one three nought (137,513 0) hectares.

Deed of Transfer 31001/1973, dated 19 October 1973.

*Historiese en argitektoniese belang*

Domira was die woning van Charles Lennox Stretch, diplomatieke agent by die Gaikas (1836–1846). Dit het ook gedien as vesting, stormsentrum en aanvanklik die hoofkwartier van Sir Andries Stockenström gedurende die Oorlog van die Byl. 10/2/683.

T. N. H. JANSON, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 1705 10 Augustus 1979

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE FASADE VAN CROZIERHUIS, TE STELLENBOSCH

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die fasade van die Crozierhuis in Victoriastraat, Stellenbosch, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die fasade van die Crozierhuis, geleë op sekere stuk grond in die dorp en afdeling Stellenbosch, gemerk op Algemene Plan 11, synde die resterende gedeelte van Persele 11 en 12 en groot per resterende gedeelte eenhonderd-en-vyf vierkante roede en eenhonderd negeen-twintig vierkante voet.

Transportakte 431/1920, gedateer 17 Januarie 1920.

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie laat-negentiende-eeuse gebou se fasade het besonderhede Victoriaanse en Georgiaanse kenmerke. Die Crozierhuis het vroeër deel gevorm van die ou "College Square" van die Victoria-kollege. 10/2/673.

T. N. H. JANSON, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 1706 10 Augustus 1979

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE FASADE VAN DIE STASIEGEBOU TE POINTWEG, DURBAN

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die fasade van die Stasiegebou te Pointweg, Durban, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die fasade van die Stasiegebou, geleë op 'n gedeelte van die restant van sekere stuk grond synde Point SAR 1 No. 13200, geleë in die stad Durban, provinsie Natal.

Sertifikaat van Gewysigde Titel van Konsolidasie 1872/1944, gedateer 22 Maart 1944.

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie Victoriaanse spoorwegstasie dateer uit die negentigerjare van die vorige eeu toe die Natalse Staatspoorweë 'n bloeitydperk beleef het. Veral die gietysterveranda en die baksteen-en-okerwerk op die fasade is noemenswaardig. 10/2/674.

T. N. H. JANSON, Minister van Nasionale Opvoeding.

*Historical and architectural interest*

Domira was the residence of Charles Lennox Stretch, diplomatic agent to the Gaikas (1836–1846). It also served as fortress, storm-centre and originally as the headquarters of Sir Andries Stockenström during the War of the Axe. 10/2/683.

T. N. H. JANSON, Minister of National Education.

No. 1705 10 August 1979

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE FACADE OF THE CROZIER HOUSE AT STELLENBOSCH

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister of National Education, hereby declare the facade of Crozier House in Victoria Street, Stellenbosch, to be a national monument.

*Description*

The facade of Crozier House, situated on certain piece of land, situate in the Town and Division of Stellenbosch, marked on General Plan 11, being the remaining extent of Lots 11 and 12, and measuring as per remaining extent one hundred and five square roods and one hundred and twenty-nine square feet.

Deed of Transfer 431/1920, dated 17 January 1920.

*Historical and architectural interest*

The facade of this late-nineteenth-century building has notable Victorian and Georgian characteristics. The Crozier House earlier formed part of the old College Square of the Victoria College. 10/2/673.

T. N. H. JANSON, Minister of National Education.

No. 1706 10 August 1979

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE FACADE OF THE STATION BUILDING AT POINT ROAD, DURBAN

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister of National Education, hereby declare the facade of the Station Building at Point Road, Durban, to be a national monument.

*Description*

The facade of the Station Building, situate on a portion of the remainder of a certain piece of land being Point SAR 1 No. 13200, situate in the City of Durban, Province of Natal.

Certificate of Amended Title of Consolidation 1872/1944, dated 22 March 1944.

*Historical and architectural interest*

This Victorian railway station dates from the eighteen-nineties when the Natal Government Railways experienced a boom. The wrought iron verandah and the brick and ochre work on the facade are of special interest. 10/2/674.

T. N. H. JANSON, Minister of National Education.